

12 Junie 2020

Geagte Aandeehouer

BELANGRIKE KENNISGEWING: VERHANDELING IN AANDELE VAN DIE SENWES GROEP

Soos u bewus mag wees, is ZAR X die gelisensieerde beurs wees vir aandeleverhandeling van Senwes en Senwesbel Beperk se aandele (gesamentlik hierna verwys as “die Maatskappye”) effektief vanaf 20 Februarie 2017. Voormelde is vereis deur die Wet op Finansiële Markte 2012 (“die Wet”).

Die doel van hierdie kennisgewing is om u as aandeehouer om die prosedure en koste vir die gebruik van die platform te verduidelik.

ZAR X maak voorsiening vir lae risiko aandeleverhandeling in ’n gereguleerde omgewing. Senwes sal steeds as oordragsekretaris en hoofmakelaar op die beurs optree, wat ook deur STRATE en Computershare ondersteun word. Die hele proses is elektronies en word binne ’n gedematerialiseerde omgewing bedryf (*d.w.s sonder aandeelsertifikate*). Die Maatskappye dra die koste van die platform, terwyl aandeehouers en potensiele beleggers markverwante fooie sal betaal wanneer die platform gebruik word.

In hierdie omgewing tree Senwes op as:

- i) **Markdeelnemer (Hoofmakelaar)**, wat opdragte vir verhandeling van aandeehouers en beleggers sal hanteer.
- ii) **Oordragsekretaris**, wat die aandeleregisters in stand hou; en
- ii) **die Aangestelde Adviseur**, wat sal verseker dat die noteringsvereistes nagekom word.

Voorafgoedkeuring

Senwes aandele is vrylik verhandelbaar, terwyl Senwesbel aandele beperk verhandelbaar is en slegs tussen bestaande (*of nuwe*) aandeehouers kan verhandel, wat boerdery as hoof besigheidsaktiwiteit bedryf, en wat as sodanig goedgekeur is om ’n aandeehouer te word deur die Senwesbel Direksie.

Hierdie goedkeuring berus by die Senwesbel direksie ingevolge die Akte van Oprigting van die Maatskappye.

Senwes sal alle versoeke vir die koop van Senwesbel aandele aan Senwesbel voorsien vir goedkeuring. Sodanige proses sal eweneens 1(een) besigheidsdag neem, maar kan ook langer duur gegewe individuele omstandighede.

Vereiste dokumentasie

Om met u transaksies te doen, (soos betaling van dividentiende) en om aandele te kan verhandel, moet die volgende dokumente, duidelik gemerk vir die aandag van die Maatskappysesekretaris, voorsien word:

- a) ’n Voltooide en getekende Computershare mandaat, beskikbaar op (www.senwes.co.za) of besoek u naaste Senwes (Hinterland) Tak of skakel met die Senwes Span);
- b) ’n Makelaarsaanstellingsvorm;
- c) FICA dokumentasie soos vereis in terme van die geldwassery wetgewing (indien u dit nie alreeds aan Senwes voorsien het nie). Geen aandeleverhandeling kan plaasvind daarsonder nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat alvorens aandeleverhandeling kan plaasvind, bogenelde dokumente in punte a) en b) voorsien moet word.

Verhandelingsprosedure

Sou u aandele wil verhandel, moet u Senwes behoorlik van instruksies voorsien, hetsy mondelings of skriftelik in ooreenstemming met die mandaat. Instruksies kan telefonies voorsien word by telefoon nommer 018-464 7105. Oproepe word opgeneem en telefoniese instruksies het bindende regskrag.

Verhandeling sal plaasvind tussen 09h00 en 16h00 op weksdae. Verhandeling en afrekening van transaksies geskied op 'n T+0 basis. Dit wil sê die koopprys vir die aandele asook die koste moet vooraf in die genomineerde ZAR X bankrekening inbetaal word alvorens instruksies vir enige verhandeling suksesvol uitgevoer kan word.

Die volgende moet voorsien word vir alle transaksies:

- Senwes lidnommer, aandeelhouersnommer (*indien van toepassing*) of die SDA rekeningnommer;
- Identiteitsnommer of registrasienommer (*in geval van regspersone*);
- Die klas aandele;
- Aantal aandele wat u wil koop of verkoop;
- Die periode wat die instruksie sal geld;
- Die prys waarteen u wil koop of verkoop.

Dit word aanbeveel dat potensiële beleggers behoorlike advies van 'n gemagtigde finansiële adviseur neem ten einde die prys van die aandele te bepaal. Senwes personeel sal onder geen omstandighede advies gee rakende 'n belegging of aandele pryse nie.

Die instruksie sal dan geplaas word en is voltooi sodra die instruksie verhandel het op die mark.

Die datum waarop die transaksie gesluit word, word verwys na as die verhandelingsdatum (T).

Kontrak nota

Senwes sal 'n kontraknota genereer deur die ZAR X administratiewe sisteem en sal dit voorsien aan kopers en verkopers.

Bank besonderhede

Kopers van aandele moet vooraf die koopprys in die ZAR X bankrekening deponeer voordat 'n transaksie gesluit kan word. Alle betalings moet by wyse van 'n direkte tjekdeposito of elektroniese betaling gedoen word. Geen Kontant sal in ontvangs geneem word nie.

Bankrekeningnaam: ZAR X Nominees

Bank:	Rand Merchant Bank (FNB)
Tak:	RMB Corporate Banking Johannesburg
Takkode:	255005
Rekeningnommer:	62631998236
Verwysingnommer:	SDA Rekening / Aandeelhouer of klant nr.

Oordrag van aandele

Omdat alle aandele wat verhandel sertifikaatloos is, word die oordrag van aandele outomaties gedoen deur STRATE wat die bewaarder en afrekening diens hanteer. STRATE sal telkens bevestiging aan Computershare en Senwes voorsien.

Neem kennis: Sou u aandele wil verkoop, koop of oordra (na kinders ens.) of op enige wyse met aandele wil handel moet u oor 'n SDA rekening beskik by Computershare (CSDP). Sodanige rekening moet geopen word VOORDAT enige versoek gehanteer kan word. Kontak asb. die span om u by te staan met die opening van sodanige rekening. Alle transaksies geskied streng vertroulik en onder die toesig van die beurs asook die Finansiële Sektor Optrede Owerheid (voorheen die Finansiële Diensteraad) aangesien Senwes 'n finansiële dienste verskaffer is.

Oordrag en afrekening van aandele

Aangesien alle aandele wat verhandel papierloos moet wees, word oordragte van alle aandele outomaties deur STRATE as die bewaarder en afrekeningsdiens hanteer ("CSD"), wat op sy beurt bevestiging daarvan aan Computershare ("CSDP") en Senwes voorsien. Afrekening van transaksies geskied intyds op die verkoper/koper se SDA rekening.

Die transaksiekoste bestaan uit die CSD-, CSDP- asook die verhandelingskoste en sekuriteite oordragbelasting van 0,25% van die koopprys (slegs van toepassing net op kooptransaksies) en BTW. Omdat afrekening van transaksies T+0 geskied moet die koopprys (of aandele) en alle koste in beide die afsonderlike rekeninge van die koper en verkoper van die aandele beskikbaar wees voordat die transaksie op die beurs kan plaasvind.

Verhandelingsfooie

Effektief vanaf 1 Julie 2018 word fooie op 'n glyskaal gehef:

Waarde	Persentasie gehef *
Minder as R 500 000.00	1.50%
Tussen R 500 000.00 en R 1 000 000.00	1.00%
Tussen R 1 000 000.00 en R 5 000 000.00	0.75%
Tussen R 5 000 000.00 en R 10 000 000.00	0.55%
Tussen R 10 000 000.00 en R 20 000 000.00	0.40%
Meer as R 20 000 000.00	0.30%

Die glyskaal is van toepassing op die waarde van die transaksie en elke vlak word progressief toegepas. Byvoorbeeld, indien die waarde van die transaksie bo R600 000.00 is, word die eerste R500 000.00 teen 'n fooi van 1.50% gehef en die oorblywende R100 000.00 word teen 1.00% gehef.

CSD en CSDP afrekeningsfooie met BTW van 15% is steeds van toepassing.

***Senwes het besluit om afstand te doen van die makelaarsfooie (*50% van die glyskaal) vanaf 1 Julie 2018 en om die aandeelhouer wat transaksies doen, se rekening te krediteer, welke fooie weer aangewend kan word vir toekomstige transaksies, of net na maandeinde sodanige fooi aan die aandeelhouer te kan terugbetaal. Voormelde word gedoen om o.a. die likiditeit van die aandele te bevorder.**

ZAR X Webtuiste

Vir inligting oor die aandeelpryse, sowel as aanbiedinge vir koop en verkoop, besoek www.zarx.co.za of www.senwes.co.za. In geval van enige navrae in hierdie verband, moet u nie huiwer om die Senwes span te kontak nie.

Die uwe



EM Joynt
MAATSKAPPYSEKRETARIS
AANGESTELDE ADVISEUR

Senwes span kontakbesonderhede

Naam	Beskrywing	Telefoonnommer
Ansa Janse van Vuuren	Makelaars	(018) 464 7105
Meraldie Bester		
Claudi Smit	Oordragsekretaris	(018) 464 7121
Elmarie Joynt	Maatskappysekretaris en Hoof Regsadviseur	(018) 464 7104